
SAKE (Rapport)
30 Nov 2014, p.7

# Trust bied nie 'n skuilplek

Nico van Gijsen



**Raad met jou rande**

Dis byna vakansie. Kom ons gesels 'n bietjie oor trusts.

Adj.pres. Cyril Ramaphosa het hom volgens 'n berig in die afgelope week "losgemaak van sakebelange wat 'n botsing van belange kan veroorsaak" deur dit in 'n trust te plaas.

Ek wil algemeen geldende reëls in ons reg bespreek. Dis nie kritiek op wat Ramaphosa vermoedelik probeer doen of 'n refleksie op sy integriteit nie.

Wat kan gedoen word en wat nie? Wat is die regsgevolge as eiendom na 'n trust toe oorgedra word? Is daar 'n skeiding van belange?

Ons gebruik die geval Ramaphosa as voorbeeld. Kortliks die feite, soos berig: Hy het R76 miljoen se aandele en is 'n direkteur van 16 maatskappye en besit 'n spul eiendomme. Hy sal glo (in die trust) geen opdragte gee oor die "bestuur" van die belange nie, maar kan "opdragte gee" om belange te verkoop.

'n Trust is 'n kontrak tussen die trustoprigter, die trustee en die begunstigde (wanneer hy of sy die begunstiging aanvaar). Art. 1 van die Wet op die Beheer van Trustgoed vereis dat vir 'n trust om tot stand te kom, eienaarskap van die eiendom by wyse van die trustinstrument oorgemaak word.

'n Trust in die eng sin (dis die algemene gebruik van trusts) behels die oormaak van eiendom aan jou trustee. Die trustee verkry volle eienaarskap van die eiendom (in sy hoedanigheid as trustee, nie persoonlik nie) om die bates tot voordeel van begunstigdes te administreer.

Dan is daar die sogenaamde bewindstrust. Die besitreg van die eiendom is nie by die trustee nie, maar by die begunstigde. Die trustee bestuur net die trustbates namens die begunstigde. 'n Voorbeeld is die bemaking aan 'n minderjarige kind.

As jy werklik jouself wil losmaak van eiendom, dan is die eerste opsie die aangewese een. Dit is die soort trust wat 'n mens byvoorbeeld in boedelbeplanning gebruik. Omdat die bates in trust is, val dit nie in jou boedel vir byvoorbeeld boedel- of kapitaalwinsbelasting nie.

Maar jy gaan vir jouself kapitaalwinsbelasting en selfs geskenkebelasting (teen 20%) op die hals haal wanneer jy die eiendom na die trust oordra.

Op die aandeleportefeulje van Ramaphosa (die vrystelling van R100 000 per jaar buite rekening gelaat) sal byvoorbeeld R15 200 000 by wyse van geskenkebelasting aan Jan Taks oorbetaal moet word.

Of die eiendom moet aan die trust verkoop word, waarskynlik op leningsrekening.

Die uitstaande leningsrekening is egter steeds 'n bate in die boedel. Kapitaalwinsbelasting van 13,2% is op die wins betaalbaar (gegewe 'n marginale koers van 40%).

Dis duidelik die duur opsie. Daar kan dan ook geen sprake wees van "opdragte gee" as hy die voordele wat 'n trust bied, wil benut nie. Ek glo nie dis die plan vir die adjunkpresident nie.

Sy raadgewers dink waarskynlik meer aan die bewindstrust, 'n trust waar hy nie werklik van die eiendom afstand doen nie, maar net trustees aanstel om die trusteiendom te bestuur in 'n poging om die potensiële botsing van party-politieke optrede en sy sakebelange te skei.

Dis 'n rein gedagte en 'n vars bries in die politiek van baantjies vir boeties waarmee ons sit. Maar word 'n trust geskep? Nie in die eng sin nie. Word bates regtig aan 'n trustee oorgegee om te bestuur? Nie as jy die reg uitgehou het om opdragte te gee nie.

Dalk bloot 'n (onafhanklike) sakebestuurder?

■ *Nico van Gijsen CFP® is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur by Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen.*

*This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission.*